

Sing vooraf staande: Psalm 119:27 (p. 592)

27 Al u vonnisse is suiwer, / maar onsuiver was my weg;
dat U my dan swaar verdruk het, / is 'n daad van trou en reg.
Dog waar ek in u beloftes / al my heil soek en geluk,
bid ek dat U, na u goedheid, / my wil troos in al my druk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:2 (p. 320)

2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Gebed

Psalm 25:3 (p. 116)

3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Skriflesing: 1 Petrus 2:1-10

Teks: 1 Petrus 1:4; Kategismus Sondag 47

sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons (1 Petrus 1:4 AFR53)

Ons moet die krag en die betekenis van die gebed nooit onderskat nie. Veral in ons tyd moet ons hele lewe 'n gebed wees. Kom ons kyk na die volgende drie sake wat die gebed raak:

- 1. Die priester en gebed**
- 2. Die openbaring van die Here en gebed**
- 3. Die gelowige en gebed**

1. Die priester en gebed

Die Bybel leer ons dat die priester in die Ou Testament die Naam van die Here in sy gebede uitgeroep het.

- Dit beteken dat sy gebed 'n duidelike gerigtheid gehad het omdat die priester die Naam van die Here in sy gebede gebruik het – en wel op so 'n manier dat dit duidelik was tot wie die gebed gerig is.
- Ons doen vandag nog presies dieselfde, want ons roep ook die Naam van die Here uit as ons bid, byvoorbeeld: *Ons Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word.*

So was dit van die begin van die geskiedenis af. Ons lees nie dat Adam geoffer het nie, maar ons lees wel dat sy kinders dit gedoen het.

- Set was die eerste een wat die Naam van die Here aangeroep het. Hy het dit gedoen toe hy gaan offer en bid het.
- In die tyd van sy seun Enos het die mense al begin eredienste hou.
- Op dieselfde styl was Abraham ook priester wat altyd gebid en geoffer het. Op elke plek waar hy gekom het, het hy heel eerste 'n altaar vir die Here gebou en daar geoffer.

Later in die geskiedenis het die Here 'n verandering aangebring in die vorm wat die eredienste tot toe gehad het.

- By Sinai word een stam uitgesonder om die priesterwerk vir die Here te gaan doen, naamlik die Leviëte.
- Hulle was in hulle werk simbool daarvan dat die volk wat eendag die hemel sal bewoon, almal priesters sal wees wat met God sal kommunikeer deur gebed en aanbidding.

Die gedeelte wat ons gelees het, sluit hierby aan. Dit leer dat ons 'n koninklike priesterdom moet wees. Die opdrag klink effens vreemd as ons dit die eerste keer hoor, want die priester se werk is mos al uitgedien in die moderne tyd. Waarom moet ons dan priesters wees?

Ons moet net onthou dat die priesters baie funksies in die sinagogale diens gehad het.

- Hulle het onder andere geoffer en die eredienste in stand gehou.
- Belangrik is dit dat u ook sal onthou dat die priesters die mense was wat die gebede behartig het. Meestal het hulle dit gedoen wanneer hulle geoffer het.
- Maar daar was ook kere wat hulle saam met mense gebid het sonder dat hulle besig was om te offer – soos die keer toe Eli saam met Hanna in die tempel gebid het vir 'n kind.
- Wanneer jy bid, gaan jy na die troon van die Here toe soos die priester gemaak het toe hy geoffer het. Ook as jy die *Onse Vader* bid, is jy steeds priester – net Christenpriester.
- Ons is Christenpriesters wat in ons gebede deur Jesus Christus vryelik toegang tot God se genadetroon het.

Jesus Christus is die werklike Hoëpriester van God.

- Hy is aan die kruis geoffer, sodat ons almal die toegang tot God kan hê in ons persoonlike priesterwerk wanneer ons bid.
- In Jesus Christus het die plig tot gebed 'n voorreg geword.
- Deur Hom het ons verander van verwerptes tot kinders van God.
- Kinders wat die almagtige God van hemel en aarde as *ons Vader* kan aanspreek.

Wat het die priester in die Ou Testament gebid? Wat bid ons?

- Die priester het gebid dat die Here se Naam geheilig moet word. Ons bid dieselfde.
- Daarmee bid ons eerstens dat die Here ons moet onderrig sodat ons Hom reg kan ken, want dit is hoe ons die Naam van die Here heilig sal hou en sal verheerlik.
- Die feit is doodgewoon dat ons die Here net kan ken as Hy Homself aan ons openbaar. Ons kan die Here net ken as Hyself ons oë oopmaak om sy almag en wysheid te kan sien en verstaan.

2. Die openbaring van die Here en gebed

Daar staan in Romeine geskrywe dat die Here van die begin af voldoende in sy werke in die natuur geken kan word.

- So veel dat niemand eendag die verskoning sal kan aanvoer dat Hy God nie geken het nie (Rom. 1: 20).
- Die betrokke woorde in Romeine het selfs betrekking op mense (heidene) wat nog nooit amptelike Woordverkondiging gehoor het nie.
- Selfs hulle sal nie vir die Here kan sê dat hulle Hom nie geken het nie.

Nou kom ons by onself. Ons weet die dinge, maar ons sien dit nie altyd in die regte perspektief nie.

- Daarom is dit deel van ons gebed dat die Here ons moet laat verstaan, en ons oë oopmaak, sodat ons Hom in sy werke kan ken.
- Die Here openbaar Hom aan ons in die natuur en in die Skrif, maar daardie openbaring kan net verstaan word as die Here jou die vermoë gee om dit te sien en verstaan.

Kom ons kyk eerste na die Godsopenbaring in die natuur. In die werke van die Here, byvoorbeeld in die natuur, sien ons dadelik die almag van God. Psalm 19 beskryf hoe die natuur die werke van die Here is en sy heerlijkheid aan ons openbaar:

Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: (Psalm 19:2, 3 AFR53)

Ons moet uit die natuur nie net die almag van God leer nie, ons moet ook soos die natuur voluit en met entoesiasme die lof en eer van God verkondig!

Kyk nog verder:

- Die seisoene kom en gaan. Geen mens beheer dit nie. Wolke vorm en reën val wanneer die Here dit so beskik.
- Daar kom voortdurend nuwe lewe in mense en diere wat gebore word, en in die plante wat groei.
- 'n Mag veel groter as wat 'n mens kan hê, onderhou en beskik al hierdie dinge. God se almag onderhou dit.
- Maar 'n mens sal dit nie kan sien en verstaan as die Here dit nie aan jou openbaar dat dit sy almag is wat aan die werk is nie.

Verder openbaar die Here Hom in sy Woord.

- Die Bybel begin met die openbaring van God se almag. Die skepping vind plaas. God spreek net elke keer 'n woord, en die dinge is daar: Aarde en water skei, water en water skei, die uitpansel is daar. Lig, plante, diere bestaan elke keer na 'n bevel gegee is.
- Genesis 1 en 2 openbaar dat God moeiteloos en met almag werk. Almag beteken om meer as magtig te wees.
- Dis egter nie goed genoeg dat ons net God se almag ken nie. Ons moet ook die **wysheid, goedheid, geregtigheid en barmhartigheid** van die Here ken.
- Om daarby te kan kom dat ons al hierdie dinge uit die werke van die Here kan ken, het ons geloof en insig nodig. Dis dinge wat die Heilige Gees in ons harte bewerk.

Kom ons betrek dit op die gebed: Ons bid daarmee dat die Here ons sodanig verryk en verruim met geloof en insig dat dit binne ons bereik kom, om Hom ten volle uit sy werke te kan ken.

- Dis nie onbelangrik as ons so bid nie, want die ongelowiges lewe ook soos ons.
- Die genade van die Here laat oor hulle ook reën, net soos oor ons.
- Maar hulle het nie die vermoë om dit as die Here se seën te begryp nie.
- Hulle ken ook nie die genade van die Here nie.
- Daarom staan daar in Romeine 1:-20 dat die Here hulle gaan straf, want dit was vir hulle moontlik om Hom uit sy werke te ken, maar hulle het nie.

Dit onderstreep die noodsaaklikheid daarvan dat ons hierdie gebed sonder ophou sal bid!

- Dit sal nie vir ons moontlik wees om God die Here heilig te roem en te prys as ons Hom nie eers bid om Hom te kan ken nie.
- Ons bid *Laat u Naam geheilig word*, waarmee ons bid om as 't ware by die Here te kan skoolgaan en leer.
- Dawid het dit ook gedoen in Psalm 25:8:

Die Here is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg!
(Psalm 25:8 AFR53)

Dink ook aan vers 4 waar hy bid dat die Here aan hom sy weë bekend moet maak, en hom die paaie van God moet leer. Dis heeltemal ander woorde, maar die inhoud is dieselfde: *Laat u Naam geheilig word*.

Ons gebed vir kennis van God is natuurlik terselfdertyd ook 'n gebed waarin ons smeek vir die inwoning van die Heilige Gees.

- Ons kan die Here tog nie ken as die Heilige Gees ons nie tot wedergeboorte en tot bekering lei nie.
- Ons kan ook nie die heerlijkheid van God verstaan as ons nie self die eerste beginsels van heiligheid en heerlijkheid in ons harte het nie.
- Die Heilige Gees lei ons met die Woord van God om die openbaringe van God te ken en te verstaan.
- As ons bid: *Laat u Naam geheilig word*, dan bid ons dat die Here al hierdie dinge aan ons openbaar en ons eie maak.

Net 'n gebed vir kennis is natuurlik nie genoeg nie.

- Mens kan die kennis van die wêreld hê, maar as jy nie die krag het om jou oortuigings uit te leef nie, dan beteken alles niks.
- Dink maar aan die Satan.
 - Hy weet baie meer van die Here af as wat ons weet.
 - Hy ken selfs die Bybel op die punte van sy vingers.
 - En tog het hy met sy kennis en al teen die Here gesondig – só dat hy in die hiernamaals in die hel sal wees.

Daarom bid ons ook dat die Here sy Goddelike krag oor ons bevestig.

- Ons lees byvoorbeeld in Jesaja 65 dat die Here Hom laat vind deur die mense – selfs dié wat nie na Hom gevra het nie.
- As Hy Hom laat vind, dan gee Hy aan hierdie mense nuwe harte.
- Esegïel 36:26a:

En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee.
(Esegïel 36:26a AFR53)

- NB:

En Ek sal My Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en My verordeninge onderhou en doen. (Esegïel 36:27 AFR53)

Die Here maak dat ons in sy insettinge wandel. Dit klink soos musiek in ons ore.

- Dit beteken dat die Here nie net sy Naam op so 'n manier heilig dat ons al die groot dinge van God ken nie.
- Dit beteken dat God self in ons harte kom woon, en dat Hy met sy krag sorg dat ons die regte lewe lei.

3. Die gelowige en gebed

Nou kyk ons na die gebed in die praktyk. Afgesien van die natuur en die Woord van God, is die heerlijkheid van God in Jesus Christus geopenbaar.

- Hy sterf om ons sondestraf aan sy liggaam te dra. Wanneer Hy sterf, word dit donker, rotse skeur, en dooies staan op uit die graftes.
- Dit is openbaring van baie groot liefdesgenade – liefdesgenade wat net verwerklik kan word deur iemand wat almagskrag het om uit liefde die geweld van God se toorn te kan dra.

Daarna gaan die openbaring van God se almag en heerlijkheid nog verder:

- Hy word begrawe, maar Hy staan op uit sy graf en uit die dood. Verheerlik vaar Hy weg na die hemel toe.
- Met sy onbepaalde krag maak Hy nou plek gereed in die hemel om sy uitverkorenes daar te ontvang.

Ons is besig om voor te berei om met die Nagmaal weer die dood en opstanding van ons Here Jesus te herdenk.

- Dink dan daaraan dat die kruisiging en die opstanding die Naam van die Here in sy volle krag aan ons openbaar.
- Laat u dan deur hierdie besef lei sodat u die deursettingsvermoë aan die dag lê om onder geen omstandighede u beginsels prys te gee nie.
- Glo in die genade van die Here omdat die kruisiging van die Here u ondubbelsinnig van sy liefde verseker.
- Word versterk sodat u sonder huiwering kan leef tot Gods eer.

Kom ons lees saam wat ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 47.

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: *Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid,*

geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).

(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8; 115:1.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 84:1, 2, 4 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaie! Hoe begeer my siel en hunker van verlanqe / om na Gods woning op te gaan en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange. My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer; en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaie, welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!
- 4 Hul sal van krag tot krag steeds gaan / totdat hul voet in Sion staan: geeneen wat daar nie sal verskyn nie. / Let, HEER der leërskaie, let op my geroep, hoor my gebed, / en laat my nie in druk verkwyn nie. Leen my 'n toegeneë oor; / o Jakobs God, gee my gehoor!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Desember 2009
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 10 Februarie 2013